# NATAL SE AANSPRAAK OP VRYSTAATSE GRONDGEBIED, 1900—1901

**C.J.P. le Roux**
**Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein**

In 1900 het die Natalse regering op gedeeltes van die distrikte van Harrismith en Vrede wat in die Oranjerivier-Kolonie geleë was, aanspraak gemaak. Die aanspraak het betrekking gehad op daardie gedeeltes van die twee distrikte wat gevorm is deur die Elandsrivier in die noorde vanaf sy oorsprong op die Basoetolandse grens tot by sy samevloeiing met die Wilgerivier. Vanaf hierdie samevloeiing is die lyn verder afgetrek tot waar die grense van Natal, Transvaal en die Oranjerivier-Kolonie op die Drakensberge ontmoet.[1] Natal was bereid om in ruil vir hierdie toevoeging tot sy grondgebied, £200,000 van die skuld van die Oranjerivier-Kolonie oor te neem.[2]

Joseph Chamberlain, die minister van kolonies, het reeds in Augustus 1900 uit nie-amptelike bronne van hierdie eis van die Natalse regering verneem.[3] Toe hoë kommissaris A. Milner aan die einde van 1901 'n besoek aan Natal gebring het, het die Natalse regering sy eise amptelik herhaal.[4] Luitenant-goeweneur Henry Bale het aangevoer dat dit vanweë die aanvalle van die Boere uit die gebied van die gewese Vrystaatse Republiek tydens die Anglo-Boereoorlog, absoluut noodsaaklik geword het om 'n grenssone noord van die Drakensberge te skep.[5] Natal het hierdie grenssone ook benodig omdat hy belangrike spoorweg-, landbou- en handelsbande met bogenoemde distrikte gehad het.

Henry Bale het ook kerklike en politieke redes om sy saak te sterk aangevoer. Die aansluiting van die N.G.-kerk van Harrismith by die Natalse sinode van die kerk kon volgens die luitenant-goewerneur sonder moeite teweeg gebring word. Die afgevaardigdes van die Harrismithse distrik kon veel makliker op die hoofsentra van die kerk in Natal, te wete Ladysmith, Newcastle, Pietermaritzburg en Greytown as op Bloemfontein en ander dorpe in die Oranjerivier-Kolonie, vergader. Die toename van Boere in Natal sou ook nie Britse politieke belange in die parlement van die kolonie bedreig nie.[6]

Milner was met die redes wat luitenant-goewerneur Bale in sy aanspraak op die distrikte van Harrismith en Vrede aangevoer het, beïndruk.[7] Hy het luitenant-goewerneur H. Goold-Adams van die Oranjerivier-Kolonie gevra om sý standpunt oor die grondaansprake van Natal te stel, sodat hy die aangeleentheid voor die minister van kolonies vir uitsluitsel kan lê.[8]

---

Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, p.2.
*Ibid.*
G.H. (KAB) 13/24: Chamberlain - Milner, 2.8.1900.
4. Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, p. 1.
5. C. Headlam (red.): *Milner Papers*, II, p. 404.
6. *Ibid.*; Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, pp. 1—2; H. Bale - Milner, 10.12.1901, p. 5; Cd. 941, Correspondence relating to the proposed additions of territory to Natal, His Majesty's Stationary Office, London, May 1902: Milner Chamberlain, 14.12.1901, pp. 6—8.
7. Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, p. 1.
8. C.O. (VAB), band 74, lêer 4274/01: Milner - Goold-Adams, 23.11.1901.

Goold-Adams het sterk standpunt teen die argumente van die Natalse regering ingeneem. Indien aan die eise van Natal gehoor gegee word, sou dit net die harmonieuse samewerking tussen die twee kolonies versteur het. Só 'n stap sou ook intense verontwaardiging by elke inwoner van die Oranjerivier-Kolonie uitgelok het, veral by die inwoners van die twee distrikte.[9] Vanuit 'n territoriale oogpunt gesien, was die kolonie met sybestaande grense in sy geheel 'n afsonderlike entiteit, ondergeskik aan die imperiale regering. Dit was volgens die luitenant-goeweneur 'n arbitrêre vraag of die twee distrikte sonder die toestemming van hulle inwoners by Natal ingesluit kon word.[10] Hy het sy standpunt verder as volg beklemtoon: "It is clearly our duty as well as our policy to induce the Boer population of this Colony after the war speedily to accept British rule and settle down to their several avocations, and it is therefore of primary importance that as few alterations as possible and only such as are absolutely essential, should be made in their former condition."[11]

Ekonomies kon Natal nie méer baat by só 'n vergadering gevind het nie, aangesien hy op daardie oomblik reeds ekonomiese bande met die betrokke distrikte gehou het. 'n Grensverskuiwing sou dus geen positiewe verandering vir beide gebring het nie. Trouens, voor die oorlog was Vrede en Harrismith hoofsaaklik op hulle naaste stasies te Heilbron en Kroonstad vir die voorsiening van lewensmiddele aangewese.[12]

Goold-Adams het ook gereageer op die bewering van Natal dat baie van die boere in die twee distrikte in albei kolonies plase gehad het en hulle vee na Natal vir die winterweiding geneem het.[13] Hy het daarop gewys dat hierdie boere van die gewese Oranje-Vrystaat, ten spyte van die jaarlikse immigrasies, aan die Vrystaat onderworpe gebly het en hulle permanente tuistes ook daar behou het. Dit het getoon dat die boere steeds aan hulle tuistes in die Oranjerivier-Kolonie voorkeur gegee het.[14]s

Die argument dat die nuwe voorgestelde grens die twee distrikte se handels- en boerderybelange permanent by Natal sou insluit, het Goold-Adams ook weerlê. Indien die voorgestelde grens aanvaar sou word, sou dit slegs daartoe lei dat sommige boere wat grond in Natal gehad het, daarheen oorgeplaas word. Daar sal egter ook ander boere wat nie grond in Natal gehad het nie maar nou ná die grensverskuiwing grond in beide Natal en die Oranjerivier-Kolonie sou hê, na Natal oorgeplaas word. Die gevolg sou wees dat die vroeëre stand van sake ná die grensverskuiwing in der waarheid dieselfde sou bly.[15]

Die luitenant-goewerneur van die Oranjerivier-Kolonie het verder op die nadelige politieke gevolge wat só 'n grensreëling vir die Britse inwoners van Natal kon hê, gewys.[16] In Natal was daar 'n klein Afrikaanssprekende minderheid wat nie groot invloed op die kolonie se wetgewing uitgeoefen het nie. Hy was egter bevrees, ten spyte van dieNatalse regering se vertroue op die teendeel, dat die vyftien- of sestienduisend Afrikaanssprekendes van die twee distrikte, die anti-Britse element in Natal aansienlik kon versterk. Die uiteindelike resultaat hiervan mag wees dat 'n party wat op dieselfde

9. *Ibid.*: Goold-Adams - Milner, 30.11.1901.
10. *Ibid.*
11. *Ibid.*
12. *Ibid.*
13. *Ibid.*; Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, p. 3.
14. *Ibid.*
15. *Ibid.*
16. C.O. (VAB), band 74, lêer 4274/01: Goold-Adams - Milner, 30.11.1901.

lees as die Afrikanerbond geskoei is, die lig kon sien. Slegs sterker politieke agitasies deur die Afrikaanssprekendes sou die gevolg van só 'n verwikkeling wees.[17]

Die geskiedenis het al getoon dat waar gedeeltes van 'n land deur 'n ander land oorgeneem word, allerlei probleme ontstaan. Nuwe reëlings sou byvoorbeeld ten opsigte van ooreenkomste soos verbande en ander skuldverpligtinge getref moes word, omdat die betrokke persone nou van *domicilium* verander het. Die regstelsel van die ander land, Natal in hierdie geval, sou noodwendig ander interpretasies aan die ooreenkomste heg. Op hierdie wyse het die regte en verpligtinge van die partye of instansies in die gedrang gekom.[18]

'n Faktor waarop Goold-Adams ook gewys het omdat hy uit ervaring geweet het hoeveel waarde die Afrikaanssprekende boere daaraan geheg het, was hulle kerkverband. 'n Grensverskuiwing sou veroorsaak dat die inwoners van die twee distrikte wat hoofsaaklik aan die N.G.-kerk behoort het, bande met die kerk moet verbreek om nuwe bande met die kerk in Natal te sluit. Dit was 'n sentimentele oorweging wat jare lank kon smeul.[19]

Goold-Adams het dit nie as noodsaaklik geag om na die argumente oor die spoorlyn na Harrismith of na die gedeelte van die kolonie se staatskuld wat die Natalse regering bereid was om oor te neem, te verwys nie. Sy regering was bereid om die spoorlyn, wanneer die tyd ryp was, oor te neem. Hierdie twee faktore was vir hom nie belangrik genoeg om sy standpunt oor die grensaangeleentheid te beïnvloed nie.[20]

Hy het ten slotte benadruk dat bogenoemde argumente 'n aanduiding van die gevolge was wat uit só 'n grensverskuiwing sou voortvloei. Natal sou geen baat by so 'n reëling gevind het nie. Dit sou slegs 'n voortdurende bron van wrywing met die Afrikaanssprekende boere veroorsaak het.[21]

Goold-Adams het Milner van sy standpunt oortuig. Milner het besluit dat hy nie die grensverskuiwing wat Natal verlang het, by die Britse regering sou aanbeveel nie.[22] Die Britse regering het dan ook bevind dat die historiese en praktiese oorwegings wat in die geval van die Transvaalse distrikte, Vryheid, Utrecht, Piet Retief en 'n gedeelte van Wakkerstroom van toepassing was, nie in die geval van die Oranjerivier-Kolonie bestaan het nie. Die distrikte van Harrismith en Vrede het in die verlede onteenseglik deel van die Oranjerivier-Kolonie uitgemaak. Hulle is deur 'n bergreeks wat 'n goed omskrewe natuurlike grens gevorm het, van Natal geskei.[23] Wat betref die administratiewe voordele wat deur Natal aangevoer is, het Chamberlain op die aansienlike verskil van mening tussen Goold-Adams en die Natalse luitenant-goewerneur,

17. *Ibid.*
18. *Ibid.*
19. *Ibid.*
20. *Ibid.*
21. *Ibid.*
22. Chamberlain Papers (TAB), mikrofilm D/C 26, JC 14/4: Milner - Chamberlain, 14.12.1901, p. 1.
23. Cd. 941, Correspondence relating to the proposed additions of territory to Natal, His Majesty's Stationary Office, London, May 1902: Chamberlain - Milner, 8.3.1902, p. 10; C. Headlam (red.): *Milner Papers*, II, p. 404.

Henry Bale, gewys. Hy was oortuig dat die voorgestelde grensverskuiwing geen praktiese voordele ingehou het nie.[24]

Luitenant-goewerneur Goold-Adams het in hierdie grensaangeleentheid in die belang van die welsyn van die inwoners van die Oranjerivier-Kolonie opgetree. So 'n grensverskuiwing sou op politieke, kulturele en ekonomeise terreine verreikende gevolge vir die kolonie gehad het. Hy het die bevordering van die belange en welsyn van sy kolonie beskou as 'n middel om die Afrikaanssprekende inwoners oor te haal om Britse heerskappy te aanvaar en goeie verhoudinge met sy koloniale regering na te streef.

24. *Ibid.;* Cd. 941, Correspondence relating to the proposed additions of territory to Natal, His Majesty's Stationary Office, London, May 1902: Chamberlain - Milner, 8.3.1902, p. 10.